



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **INLIGTINGSTEKNOLOGIE**

### **RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE**

**2012**

**Hierdie riglyne bestaan uit 28 bladsye.**

# **Inligtingstechnologie**

## **Praktiese Assesseringstaak (PAT)**

**2012**

### **Riglyne aan die onderwyser**

**Hierdie afdeling bestaan uit 7 bladsye.**

## A Inleiding

Die doel van die Praktiese Assesseringstaak (PAT) is om die onderwyser die geleentheid te gee om die toegepaste bevoegdheid van die leerder direk en sistematies waar te neem en te evalueer. Die PAT behels die toepassing van kennis en vaardighede.

In Inligtingstegnologie tel die PAT 25% van die totale promosiepunt vir die vak (d.i. 100 uit die 400 punte). Dit word oor die eerste drie kwartale van die graad 12-skooljaar geïmplementeer en moet as een uitgebreide taak onderneem word wat in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite opgedeel word.

Die IT-PAT bestaan uit drie fases:

- Onderzoek en analise
- Ontwerp
- Kodering, implementering en interne dokumentasie, insluitend aanbieding en algemene evaluering

## B Programmeringsprojek

### 1. Waaroor gaan die programmeringsprojek?

Die programmeringsprojek van die PAT in Inligtingstegnologie vereis dat die leerders die ontwikkelingsinstrumente wat hulle bestudeer het, moet gebruik om 'n programmatuur-oplossing vir 'n spesifieke probleem binne 'n gegewe scenario te ontwikkel.

### 2. Beplanning van die programmeringsprojek

#### 2.1 Beskrywing

##### Scenario vir die 2012-graad 12-PAT:

Daar word van die leerder verwag om 'n program te skryf wat as 'n inligtingstelsel deur die personeel en/of besoekers van enige natuurgeoriënteerde toeriste-aantreklikheid in Suid-Afrika gebruik kan word, byvoorbeeld:

- 'n Natuurresewaat
- 'n Wildresewaat
- 'n Akwarium
- 'n Voëlpark
- 'n Dieretuin
- Enige ander wildlewe- of natuurgeoriënteerde toeriste-aantreklikheid in Suid-Afrika

Die fokus van die stelsel moet wees om natuurverwante inligting aan personeel en/of besoekers te verskaf.

**LET WEL:** Dit moet **NIE** 'n besprekingstelsel wees **NIE**.

Die leerder moet navorsing doen oor die inligtingsbehoefte van die personeel en/of besoekers van die toeriste-aantreklikheid van sy/haar keuse. 'n Funksionele en bruikbare stelsel moet ontwerp word wat suksesvol by die spesifieke toeriste-aantreklikheid geïmplementeer kan word.

Die leerder mag sy/haar eie onderwerp/toepassing binne die konteks van die gegewe scenario kies.

Met die voltooiing van die projek sal die leerder die volgende vaardighede toepas:

- Onderzoek
- Analise
- Ontwerp
- Ontwikkeling van programmatuur
  - Programmeringsvaardighede deur die gebruik van die programmeringstaal wat bestudeer is
  - Ontwikkeling van 'n databasis
  - Ontwerp van 'n grafiese gebruikerskoppelvlak (GUI)

Gedeeltes van die assesseringsinstrument sal projekte penaliseer wat nie aan die gegewe scenario verwant is nie.

## 2.2 Ontwikkelingsfases van die projek

Die programmeringsprojek moet in drie fases voltooi word, soos aangedui in die volgende tabel:

FASES	PUNTE	%
Fase 1: Onderzoek en analise	30	17,5%
Fase 2: Ontwerp	30	17,5%
Fase 3: Kodering, implementering en interne dokumentasie, insluitend aanbieding en evaluering	110	65%
<b>TOTAAL</b>	<b>170</b>	<b>100</b>

Dokumentasie/Bewys van wat die leerder gedurende elke fase gedoen het, moet volgens gespesifiseerde intervalle ingelewer word. Dit is uiters belangrik dat bewyse van die werk in al die fases voorsien word. Die dokumentasie wat vir elk van hierdie fases vereis word, word in die leerderafdeling van hierdie dokument verskaf.

**Sperdatums** vir die inlewering van die finale produk van elke fase sal deur die onderwyser vasgestel word. Die produkte van elke fase sal geassesseer word en die punte sal aangeteken word.

## 2.3 Vereistes van die projek

Die leerder moet aandag gee aan die volgende minimum kriteria:

### Fase 1: Onderzoek en analise

- Beskrywing van die probleem in sy/haar eie woorde waarin die hoofaspekte in een paragraaf uitgelig word
- Onderzoek van die onderwerp deur:
  - Identifisering van die aard en die omvang van die probleem en insameling van feite
  - Verkryging van inligting vanuit 'n werklike situasie waarin die programmatuurprodukt deur die eindgebruiker gebruik gaan word
- Analisering van die probleem: Wat is die vereistes en wat moet deur die programmeringsoplossing voorsien word?

(Sien Leerderafdeling 2 Fase 1 en Assesseringsinstrument Fase 1)

## Fase 2: Ontwerp

- Ontwerp 'n oplossing: Hoe sal die program/stelsel aan die vereistes voldoen? Voorsien 'n goed beplande oplossing vir die probleem.  
(Sien Leerderafdeling 2 Fase 2 en Assesseringsinstrument Fase 2)

## Fase 3: Kodering, implementering en interne dokumentasie

- Die projek moet die belangrikste ontwikkelingsinstrumente insluit, m.a.w. 'n databasis en programmeringstaal wat toepaslik geïntegreer is. (Ander toepassings kan saam met hierdie ontwikkelingsinstrumente geïntegreer word.)
- Ander aspekte van die programmeringsprojek wat geassesseer sal word, sluit in:
  - Programmeringstyl
  - Grafiese gebruikerskoppelvlak (GUI)
  - Gebruik van mens-rekenaar-interaksiebeginsels ('HCI') en programmatuur-ingenieursbeginsels
  - Funksionaliteit van die program
  - Vlak van kundige programmering
  - Robuustheid van die program, insluitend die gebruik van defensiewe programmeringstegnieke
  - Of die projek ooreenstem met die oorspronklike mikpunte en doelwitte
- Interne dokumentering om dele van die program te verduidelik

## Aanbieding en algemene evaluering

- Evalueer die volgende:
  - Tydbestuur van die leerder – Het hy/sy al die sperdatums nagekom?
  - Die leerder se vermoë om dele van kode wat ewekansig gekies word, te verduidelik
  - Geskiktheid van die oplossing binne die konteks van die scenario(Sien Leerderafdeling 2 Fase 3 en Assesseringsinstrument Fase 3)

## 3. Instruksies aan die leerders

Verwys na Leerderafdeling van hierdie dokument.

## 4. Hulpbronne

Die leerder sal die volgende hulpbronne nodig hê om die projek te voltooi:

- Toegang tot 'n rekenaar met die volgende programme:
  - Programmeringstaal: Java of Delphi
  - Kantoortoepassingspakket, soos 'n woordverwerker (bv. MS Word) en 'n aanbiedingspakket (bv. MS Powerpoint)
  - Databasisprogrammatuur, soos MS Access of MySQL
- IDE (vir Delphi is dit deel van die programmeringstaal, maar vir Java het jy addisionele programmatuur nodig, soos Netbeans)

## 5. Assesering van die PAT

Die projek moet onder gekontroleerde toestande voltooi word en deur die onderwyser gefasiliteer en deurlopend gemonitor word.

Sien Assesseringsinstrumentafdeling vir die assesseringsblaaie vir die verskillende fases.

Onderwysers moet seker maak dat leerders die volgende dokumente aan die begin van hulle graad 12-jaar ontvang:

- Die 'Instruksies aan die leerders'-afdeling wat in hierdie dokument ingesluit is
- Die assesseringsblaaie vir al die fases wat in hierdie dokument ingesluit is

Leerders moet toegelaat word om nabetrugting te hou oor die punte wat hulle gekry het en om aandag te gee aan die foute wat hulle gemaak het, voordat hulle met die volgende fase voortgaan. Die punte wat aanvanklik vir die evaluering van 'n spesifieke fase toegeken is, sal NIE na die nabetrugting hersien word NIE.

Daar sal van leerders verwag word om hulle stelsel aan die einde van Fase 3 te demonstreer. Onderwysers moet die projekte volgens die assesseringsinstrument wat vir Fase 3 voorsien is, assesseer.

Leerders sal NIE toegelaat word om die onderwerpe van hulle projekte te verander nadat Fase 1 en 2 voltooi en geassesseer is NIE. Indien 'n leerder wel besluit om sy/haar onderwerp te verander nadat Fase 1 of 2 voltooi is, moet die leerder die vroeëre fases vir die nuwe onderwerp oordoen. In hierdie geval sal die onderwyser die opgedateerde Fase 1 en 2 NIE weer assesseer NIE. Die punte vir die oorspronklike fases moet aangeteken word. Fase 3 sal egter NIE geassesseer word tensy Fase 1 en 2 navorsing weerspieël wat vir die nuwe onderwerp gedoen is nie.

Die verband tussen al die fases van 'n projek moet streng en deurlopend tydens assessering gekontroleer word. Bewyse van werk wat in vorige fases gedoen is, moet altyd gedurende assessering en moderering van 'n spesifieke fase van ontwikkeling beskikbaar wees.

### **Riglyne vir die demonstrasie en interne evaluering van die projek:**

- Die onderwyser moet datums en tye vir demonstrasies skeduleer. Laat ongeveer 15 minute per projek toe vir die demonstrasie, asook 5 minute vir die opstelling van die projek en terugvoer van die onderwyser na die tyd.
- Die ontwikkeling van die projek is 'n deurlopende proses. Die onderwyser moet altyd kyk na die werk wat in die vorige fases gedoen is, wanneer 'n spesifieke fase van ontwikkeling geassesseer word. Die onderwyser moet die vordering van die projek, in verhouding met die werk wat in vorige fases gedoen is, deeglik monitor.
  - Die vereistes wat in Fase 1 geïdentifiseer en uitgespel is, moet in die ontwerpfase van die projek, d.w.s. Fase 2, gereflekteer word.
  - Die werk wat in die ontwerpfase, d.w.s. Fase 2, gedoen is, moet in die koderings- en implementeringsfase van die projek, d.w.s. Fase 3, gereflekteer word.
- Die leerder moet al die vorige dokumentasie (Fase 1- en Fase 2-dokumentasie) byderhand hê wanneer die demonstrasie as deel van Fase 3 plaasvind.
- Die demonstrasies moet elektronies op die rekenaar gedoen word.
- Die leerder moet sy/haar rekenaarprogram uitvoer en al die eienskappe van die program aan die onderwyser toon vir assessering.
- Die onderwyser moet die leerder vra om die toetsstrategieë uit te voer om alle fasette van die program te toets.
- Die onderwyser kan van die leerder verwag om ander, addisionele toetsprosedures uit te voer om seker te maak dat die hele program korrek werk.
- Die onderwyser moet die nasienblad vir Fase 3 gebruik om tydens die demonstrasie punte toe te ken.

- Die onderwyser moet **ewekansig 'n paar gedeeltes van die programmeringskode (uitsluitend die 10% geleende kode) in die projek identifiseer**. Geleende kode is enige programmingskode wat nie deur die standaardweergawe van Java of Delphi voorsien word nie en wat nie deur die leerder self geskryf is nie. **Die leerder moet dan die doel en die werking van die ewekansig-geselekteerde kode aan die onderwyser verduidelik**. Dit word gedoen om seker te maak dat leerders self die kode skryf. 'n Soortgelyke prosedure sal ook tydens eksterne moderering gevolg word. Indien die leerder nie die kode wat in die projek gebruik is, kan verduidelik nie, kan **geen punte vir die projek aan die leerder toegeken word nie**.
- Die leerder moet die elektroniese weergawe van die projek wat gedemonstreer is, inlewer. Die onderwyser sal hierdie weergawe gebruik om enige uitstaande punte toe te ken sodat die punt gefinaliseer kan word.

**LET WEL:** Sodra die produk van 'n fase ingehandig en geassesseer is, sal daardie fase nie weer geassesseer word nie.

## 6. Rekordhouding en rapportering

Vir elke fase sal die onderwyser die fase assesseer, die punt aanteken en terugvoer aan die leerder gee.

Die punte vir die verskillende fases sal bymekaar getel en verwerk word na 'n punt uit 100, wat die finale punt sal wees.

## 7. Riglyne vir die bestuur van die PAT

Daar is twee maniere waarop die PAT bestuur kan word:

### Opsie 1:

- Die onderwyser kan een of twee periodes per week aan die PAT afstaan terwyl hy/sy voortgaan met normale onderrig gedurende die res van die week om die graad 12-kurrikulum af te handel.
- As hy/sy hierdie opsie kies, moet hy/sy so gou as moontlik gedurende die eerste kwartaal met die PAT begin en een fase per kwartaal voltooi.

### Opsie 2:

- Die onderwyser kan 'n aaneenlopende tydperk aan die PAT afstaan, bv. die laaste gedeelte van elke kwartaal en een fase per kwartaal voltooi of eers die graad 12-kurrikulum afhandel en dan 'n aaneenlopende tydperk in die derde kwartaal gebruik.

Die onderwyser moet sy/haar werkskedule volgens die opsie wat hy/sy verkies, beplan.

Daar word aanbeveel dat die onderwyser die leerders se onderwerpe aanteken wanneer hulle met Fase 1 begin om te voorkom dat 'kitsprojekte', wat moontlik nie die leerder se eie werk is nie, kan opduik. Onderwysers moet seker maak dat leerders projekte 'registreer' wat hulle in staat is om te voltooi, om sodoende te voorkom dat onderwerpe verander word omdat die aanvanklike onderwerp te moeilik of tydrowend is.

## 8. WENKE

- Verduidelik eers die PAT en gee 'n oorsig oor die proses van ontwikkeling aan die leerders voordat hulle met Fase 1 begin.
- Bespreek die taak en die onderwerp met die leerders. Laat hulle toe om vrae te vra en maak seker dat hulle die probleem wat opgelos moet word, duidelik verstaan.
- Bespreek voorbeelde van moontlike toepassings binne die gegewe scenario met die leerders. Laat die leerders self met 'n paar idees vorendag kom en bespreek die geskiktheid daarvan.

- Alhoewel 'n ander scenario gebruik is, kan dit 'n goeie idee wees om vir die leerders goeie en swak voorbeelde van PAT'e van vorige jare te wys.
- Wees baie streng met die inlewering van die dokumentasie wat in elke fase vereis word.



**Inligtingstechnologie**  
**Praktiese Assesseringstaak (PAT)**  
**2012**

**Riglyne aan die leerder**

**Hierdie afdeling bestaan uit 10 bladsye.**

# Inligtingstegnologie – Praktiese Assesseringstaak (PAT)

Die IT-PAT bestaan uit drie fases:

- Ondersoek en analise
- Ontwerp
- Kodering, implementering en interne dokumentasie, insluitend aanbieding en algemene evaluering

## 1. Beplanning van die programmeringsprojek

### 1.1 Beskrywing

#### Scenario vir die 2012-graad 12-PAT:

Jy moet 'n program te skryf wat as 'n inligtingstelsel deur die personeel en/of besoekers van enige natuurgeoriënteerde toeriste-aantreklikheid in Suid-Afrika gebruik kan word, byvoorbeeld:

- 'n Natuurreserveaat
- 'n Wildreserveaat
- 'n Akwarium
- 'n Voëlpark
- 'n Dieretuin
- Enige ander wildlewe- of natuurgeoriënteerde toeriste-aantreklikheid in Suid-Afrika

Die fokus van die stelsel moet wees om natuurverwante inligting aan personeel en/of besoekers te verskaf.

**LET WEL:** Dit moet **NIE** 'n besprekingstelsel wees **NIE**.

Jy moet navorsing doen oor die inligtingsbehoefte van die personeel en/of besoekers van die toeriste-aantreklikheid van jou keuse. 'n Funksionele en bruikbare stelsel moet ontwerp word wat suksesvol by die spesifieke toeriste-aantreklikheid geïmplementeer kan word.

Jy kan jou eie onderwerp/toepassing binne die konteks van die gegewe scenario kies.

Met die voltooiing van die projek moet jy die volgende vaardighede toepas:

- Ondersoek
- Analise
- Ontwerp
- Ontwikkeling van programmatuur
  - Programmeringsvaardighede deur die gebruik van die programmeringstaal wat bestudeer is
  - Ontwikkeling van 'n databasis
  - Ontwerp van 'n grafiese gebruikerskoppelvlak (GUI)

Gedeeltes van die assesseringsinstrument sal projekte penaliseer wat nie aan die gegewe scenario verwant is nie.

**LET WEL:** Jou finale program moet uit EEN enkele, logies-verwante deel programmatuur bestaan. Projekte wat uit twee of meer nieverwante programme bestaan, sal slegs vir een van die gedeeltes punte kry omdat slegs een van die programme as die werklike projek beskou word.

## 1.2 Ontwikkelingsfases van die projek

Die programmeringsprojek moet in drie fases voltooi word, soos aangedui in die volgende tabel:

FASES	PUNTE	%
Fase 1: Onderzoek en analise	30	17,5%
Fase 2: Ontwerp	30	17,5%
Fase 3: Kodering, implementering en interne dokumentasie, insluitend aanbieding en evaluering	110	65%
<b>TOTAAL</b>	<b>170</b>	<b>100</b>

Dokumentasie/Bewys van wat jy gedurende elke fase van ontwikkeling gedoen het, moet volgens gespesifiseerde intervale ingelewer word. Die bewys en afvoer van elke fase word hieronder bespreek. Punte kan slegs toegeken word as jy hierdie bewyse aan die onderwyser voorsien **en** indien die werk wat geassesseer word, verband hou met die werk wat in vorige fases gedoen is.

**Datums vir die inlewing van die dokumentasie/bewys van die werk wat gedurende elke fase gedoen is, sal deur die onderwyser vasgestel word.**

Bestudeer die assesseringsinstrument vooraf om seker te maak dat jy aandag gee aan al die relevante vereistes volgens die assesseringsinstrumente.

Neem die terugvoer van die onderwyser, aangedui op die assesseringsinstrument, in ag en verbeter jou werk vir die volgende fase daarvolgens. Op 'n paar plekke word punte toegeken vir die verbetering van werk wat in vorige fases nie reg gedoen is nie.

Al die dokumentasie van die vorige fases moet tydens elke assessering vir die onderwyser beskikbaar wees.

## 1.3 Hulpbronne wat vir die projek benodig word

Jy sal die volgende hulpbronne nodig hê om die projek te voltooi:

- Toegang tot 'n rekenaar met die volgende programme:
  - Programmeringstaal: Java of Delphi
  - Kantoortoepassingspakket, soos 'n woordverwerker (bv. MS Word) en 'n aanbiedingspakket (bv. MS Powerpoint)
  - Databasisprogrammatuur, soos MS Access of MySQL
- IDE (vir Delphi is dit deel van die programmeringstaal, maar vir Java het jy addisionele programmatuur nodig, soos Netbeans)

Die projek moet onder **gekontroleerde toestande** voltooi word en deur die onderwyser gefasiliteer en deurlopend gemonitor word.

Jy moet aandag gee aan die volgende minimum kriteria:

### Fase 1: Onderzoek en analise

- Beskrywing van die probleem in jou eie woorde waarin die hoofaspekte in een paragraaf uitgelig word
- Onderzoek van die onderwerp deur:
  - Identifisering van die aard en die omvang van die probleem en insameling van feite van potensiele gebruikers, insluitend hulle behoeftes en enige beperkinge wat hulle mag hê
  - Verkryging van inligting vanuit 'n werklike situasie waarin die programmatuurprodukt deur die eindgebruiker gebruik gaan word

- Analisering van die probleem: Wat is die vereistes en wat moet deur die programmeringsoplossing voorsien word?

(Sien die volgende afdeling Fase 1 en Assesseringsinstrument Fase 1)

### **Fase 2: Ontwerp**

- Ontwerp 'n oplossing: Hoe sal die program/stelsel aan die vereistes voldoen? Voorsien 'n goed beplande oplossing in terme van:
  - Toevoer, verwerking en afvoer
  - Struktuur en inhoud van die databasis
  - GUI en die vloei van gebeure

(Sien die volgende afdeling Fase 2 en Assesseringsinstrument Fase 2)

### **Fase 3: Kodering, implementering en interne dokumentering**

- Die projek moet die belangrikste ontwikkelingsinstrumente insluit, m.a.w. 'n databasisonwerp en programmering wat toepaslik geïntegreer is. (Ander toepassings kan saam met hierdie ontwikkelingsinstrumente geïntegreer word.)
- Ander aspekte van die programmeringsprojek wat geassesseer sal word, sluit in:
  - Programmeringstyl
  - Grafiese gebruikerskoppelvlak (GUI)
  - Gebruik van mens-rekenaar-interaksiebeginsels ('HCI')
  - Funksionaliteit van die program
  - Vlak van kundige programmering
  - Robuustheid van die program, insluitend die gebruik van defensiewe programmeringstegnieke
  - Of die projek ooreenstem met die oorspronklike mikpunte en doelwitte
- Interne dokumentering om dele van die program te verduidelik

### **Aanbieding en algemene evaluering**

- 'n Drukstuk van die bronkode, kommentaar ingesluit (interne dokumentering)
- Demonstrasie van die finale produk en ondervraging (deur die onderwyser).
- Die onderwyser sal die volgende evalueer
  - Jou tydbestuur – Het jy al die sperdatums nagekom?
  - Jou vermoë om dele van kode wat ewekansig gekies word, te verduidelik
  - Die geskiktheid van die oplossing binne die konteks van die scenario

(Sien die volgende afdeling Fase 3 en Assesseringsinstrument Fase 3)

## **2. Instruksies vir die fases van die programmeringsprojek**

Die instruksies vir die verskillende fases is soos volg:

## FASE 1:

### Onderzoek en Analise

Sperdatum: \_\_\_\_\_

Met die voltooiing van hierdie fase moet jy agtergrondinligting oor jou onderwerp opspoor en bepaal *wat* die program/stelsel moet doen en voorsien:

#### 1. Probleemstelling

- Identifiseer en beskryf/verduidelik in jou eie woorde wat die taak en die probleem is wat opgelos moet word. Hierdie beskrywing moet nie 'n beskrywing van enige rekenaarkode of die oplossing wees nie. Al wat vereis word, is 'n beskrywing van die probleem wat jy in die werklike konteks of situasie waarin dit geïdentifiseer is, ondersoek.
- Jou probleemstelling moet:
  - Duidelik sê wat die probleem behels (verskaf kort agtergrondinligting, m.a.w. hoekom jy die onderwerp gekies het)
  - Sê wat jy probeer doen/oplos en vir wie
  - Die aspekte beskryf wat opgelos behoort te word/verwagtinge van die programmatuur
  - Aandui wat die doel van die programmatuur sal wees

#### 2. Onderzoek

- Onderzoek die onderwerp om feite in te samel en om die aard en die omvang van die probleem vas te stel, bv. wat sal deel wees van die programmatuur en wat sal nie ingesluit word nie. Die doel is om die vereistes, behoeftes en beperkings vas te stel.
- Jy sal dalk die volgende wil uitvind:
  - Watter stelsels of prosesse word in die afwesigheid van programmatuur gebruik (bv. papiergebaseerde oplossings) en wat is die beperkinge/uitdagings hiermee
  - Die sleutelareas waaraan aandag gegee/wat opgelos gaan word
  - Inligting wat spesifiek met jou onderwerp verband hou en waarvoor jy 'n oplossing moet konstrueer (bv. Wat 'n inligtingskiosk is, watter inligting mense gewoonlik van so 'n kiosk wil hê, watter data jy nodig sal hê, ens.) en hoe of waar/van wie jy hierdie inligting kan bekom
- Demografiese inligting oor gebruikers van jou stelsel (ouderdom, geslag, gestremdhede, vlak van geletterdheid, ens.)
- Jy moet 'n volledige lys van verwysings byhou van al die hulpbronne (webblaaie, boeke) wat gebruik is.
- Bewys van navorsing: Goed geformateerde en voorgestelde opsomming van al die bevindinge van die navorsing

#### 3. Bepaal vereistes vir die program

- Hou besprekings met die eindgebruikers, maak notas, versamel dokumente en maak opsommings en afleidings uit al hierdie inligting.
- Neem waar hoe die stelsel of 'n soortgelyke stelsel tans werk. Indien moontlik, maak notas.
- Maak notas oor toevoer, verwerking en afvoer wat vereis sal word.
- Moontlike bewyse wat ingelewer kan word: Vraelyste, notas (of opnames) wat gedurende onderhoude gemaak is, foto's, dokumente/vorms wat in die huidige stelsel gebruik word, oudio-/video-opnames van onderhoude/hoe die stelsel tans werk, ens.
- Inligting moet verskaf word oor die besonderhede van die onderhoude, vraelyste, gebruikers, ens. Inligting soos die tyd en datum wanneer die vraelys/onderhoud gedoen is, asook die name, plek en kontakbesonderhede van deelnemers. Jou onderwyser kan hierdie inligting gebruik om te verifieer dat die ondersoek gedoen is soos wat aangedui is.

## 4. Moontlike oplossing

- Gebruik jou navorsing en die terugvoer van die gebruikers en skryf 'n moontlike/ beoogde bondige oplossing vir die probleem in jou eie woorde.
- Moontlike bewyse om ingelewer te word: Definisie van die probleem en/of lys van vereistes. Dit is nie 'n gedetailleerde spesifikasie met toevoer en afvoer nie, maar eerder slegs 'n eenvoudige lys eienskappe wat die beoogde oplossing aan gebruikers sal voorsien.

## 5. Lewer 'n beplanningsdokument in

Kombineer die resultate van jou navorsing in 'n beplanningsdokument wat uit die volgende bestaan:

- Beskrywing van die probleem
- Agtergrondinligting oor die onderwerp met verwysings
- Bewyse van inligting wat ingesamel is
- Breë oorsig van 'n moontlike oplossing vir die probleem

## FASE 2:

### Ontwerp

Sperdatum: \_\_\_\_\_

Met die voltooiing van hierdie fase moet jy die spesifikasies van die program/stelsel bepaal en aandui *hoe* die program/stelsel die doelwitte sal bereik wat tydens die analise daargestel is. **Bestudeer die assesseringsinstrument vir Fase 2 en 3 om seker te maak dat jou projek voldoen aan die vereistes waaraan alle projekte moet voldoen.**

1. Skakel vereistes/eienskappe om in spesifikasies:  
Spesifiseer die oplossing in terme van:
  - Toevoer
  - Verwerking
  - Afvoer (tabelle, grafieke, geldeenheid, eenhede van meting, ens. ingesluit)Sluit die volgende in as deel van die spesifikasies:
  - Defensiewe programmeringstegnieke soos:
    - Datavalidering (dui aan waar en hoe dit toegepas moet word)
    - Foutboodskappe
  - Datastrukture om data te organiseer en te stoor:
    - Databasisontwerp
      - Velde (tipes, name en groottes)
      - Verwantskappe
      - Sleutels (primêre en vreemde)
      - ER-diagramme
    - Datatipes en strukture wat in programmering gebruik gaan word:
      - Primitiewe datatipes – enkele waarde, bv. 'integer', 'real/double'
      - Gestruktureerde datatipes – versamelings van data, bv. skikkings, matrikse, rekords, stelle ('sets'), kombinasielyste ('combo boxes'), lyste, vektore
      - Abstrakte datatipes – versamelings van stel data en stel bewerkings wat op die data uitgevoer kan word, bv. klasse en objekte
      - Ontwerp van klasse – metodes met parameters en terugstuur-datatipes, attribute, konstruktors, klasdiagramme, oorerwingshiërargieë waar van toepassing (hoër orde)
  - Grafiese gebruikerskoppelvlak-ontwerp (GUI)  
Tekeninge en/of skermkopieë ('screen shots') van die GUI wat die volgende aandui:
    - Uitleg van die komponente
    - Navigering (bv. Hoe beweeg die gebruiker van een skerm na die volgende en terug?)
    - Vloei van gebeure (van een skerm na die volgende, van een gebeurtenis na die volgende)
    - Vloei van data tussen eenhede/modules (Watter data word tussen modules gestuur?)
    - Motivering vir die gebruik van toevoer- en afvoerkomponente (bv. Hoekom is 'n kombinasielys ('combo box') gebruik in plaas van 'n 'text field', of hoekom is 'n 'check box' gebruik in plaas van 'n 'radio button'?)

2. Lewer 'n dokument in met al die programspesifikasies soos hierbo aangedui. Die dokument moet die volgende insluit:
- Toevoer-, verwerkings- en afvoervereistes
  - Fout-toetsing en valideringsprosedures
  - Databasisontwerp
  - Lys van datastrukture wat gebruik is (insluitend klasdiagramme)
  - Ontwerp en uitleg van die GUI

Die dokument kan TVA-tabelle, vloedigramme en diagramme soos EV-diagramme, klasdiagramme insluit en skermafdrucke of enige ander geskikte instrumente gebruik wat 'n duidelike voorstelling van die stelsel sal gee, insluitend die nodige aantekeninge en beskrywings van spesifikasies.



## FASE 3:

### Kodering en Implementering

Sperdatum: \_\_\_\_\_

Met voltooiing van hierdie fase sal jy die oplossing moet kodeer met insluiting van die grafiese gebruikerskoppelvlak (GUI) soos wat dit in die vorige fase beplan is, datastrukture skep, die program ontfout en toets. **Bestudeer die assesseringsinstrument vir Fase 3 om seker te maak dat jou projek voldoen aan die vereistes waaraan alle projekte moet voldoen.**

Voorgestelde stappe om hierdie fase te voltooi:

1. Breek die oplossing, soos beskryf in Fase 2, in modules (bv. volgens opsies) op.
2. Kodeer/Skep die grafiese gebruikerskoppelvlak (GUI).
3. Skep die datastrukture om die data te organiseer en te stoor.
4. Kodering – Kodeer die programoplossing volgens vereistes en spesifikasies (toevoer, verwerking en afvoer) wat in die vorige fase opgestel is. Punte sal onder andere toegeken word vir die volgende:
  - Toepaslike toevoerstrategieë
  - Toegang tot die databasis
  - Toepaslike en effektiewe algoritmes
  - Goeie programmeringsbeginsels: hergebruik van kode, veranderlike name, kommentaar
  - Parameter-oordrag: Onafhanklikheid van modules
5. Hantering van foute: Maak seker dat toevoer gevalideer word en dat hantering van uitsonderings toegepas word waar nodig.
6. Toetsing/Ontfouting – Maak seker dat die program reg uitvoer en geen foute het nie.
  - Gebruik 'n toetsstrategie om te verseker dat die program/stelsel doen wat dit behoort te doen deur verskillende reekse data te gebruik, insluitend ekstreme/foutiewe toetsdata. Hou boek van hierdie data aangesien dit in jou dokumentering benodig sal word.
7. Interne dokumentering
8. Evalueer jou program/stelsel – Doen die program wat dit moet doen/voldoen dit aan die vereistes? Het jy goeie programmeringsbeginsels toegepas?
  - Hersien die programkode. Is goeie programmeringsbeginsels toegepas? Bestudeer die assesseringsinstrument vir Fase 3 deeglik.
  - Werk die program/stelsel reg?
  - Stem die program ooreen met wat in Fase 1 en 2 aangedui word?
  - Is die grafiese gebruikerskoppelvlak (GUI) goed ontwerp?

**LET WEL:** Jy word toegelaat om gebruik te maak van 'geleende' kode, maar dit mag nie meer as 10% van jou programmeringskode uitmaak nie. Geleende kode is enige programmeringskode wat nie deur die standaard weergawe van Java of Delphi voorsien word nie en wat nie deur die leerder self geskryf is nie. Dit sal tipies kode wees om uitsonderlike/ongewone funksies uit te voer soos om 'n video-uittreksel te speel, ens. **Jou program sal nie deur die onderwyser aanvaar word indien die 'geleende' kode die perk van 10% oorskry nie.**

## 9. Aanbieding en evaluering

### 1. Lewer in:

- Elektroniese kopie van programme en al die betrokke lêers, bv. datalêers, ens.

### 2. Demonstreer die program vir evaluering en assessering

#### Riglyne vir die demonstrasie van die projek:

- Die onderwyser sal datums en tye skeduleer vir demonstrasies. Ongeveer 20 minute sal per projek toegelaat word.
- Jy moet al die dokumentasie ten minste EEN week voordat die demonstrasie plaasvind, inlewer.
- Die demonstrasie moet elektronies op 'n rekenaar gedoen word.
- Jy moet jou program op die rekenaar uitvoer en al die funksies wat die program bied, aan die onderwyser uitwys vir evaluering.
- Die onderwyser kan 'n toetsstrategie as 'n riglyn gebruik en die leerder vra om sekere of al die toetsprosedures uit te voer.
- Die onderwyser kan jou vra om addisionele toetsprosedures uit te voer om seker te maak dat die hele program korrek werk.
- Die onderwyser kan die nasienblad vir Fase 3 as riglyn gebruik en punte daarvolgens toeken tydens die demonstrasie.
- Die onderwyser moet willekeurig 'n paar gedeeltes programmeringskode (uitsluitend die 10% geleende kode) in die projek uitwys. Jy moet dan aan die onderwyser die doel en werking van die willekeurig gekose kode aan die onderwyser verduidelik. Dit word gedoen om seker te maak dat jy alle kode self geskryf het. 'n Soortgelyke prosedure sal ook tydens eksterne moderering gevolg word. Indien jy nie die kode wat in jou eie projek gebruik is, kan verduidelik nie, kan geen punte vir die projek toegeken word nie.
- Jy moet na afloop van die demonstrasie die elektroniese weergawe van die projek inlewer. Die onderwyser sal hierdie weergawe gebruik om enige uitstaande punte toe te ken sodat die punt gefinaliseer kan word.

### 3. Finale algemene evaluering

Die onderwyser sal die volgende evalueer:

- Tydbestuur – Het jy al die sperdatums nagekom?
- Gebruikswaarde – Is jou oplossing van toepassing binne die konteks van die gegewe scenario?
- Hou die verskillende fases van ontwikkeling verband met mekaar en lei dit tot die finale oplossing as een aaneenlopende proses?

**Inligtingstechnologie**

**Praktiese Assesseringstaak (PAT)**

**2012**

**Assesseringsinstrumente**

**Hierdie afdeling bestaan uit 10 bladsye.**

# Assesseringsinstrumente vir die programmeringsprojek

Assessering vir Fase 1

Naam van leerder: \_\_\_\_\_

Onderzoek en Analise: Kriteria					Moontlike Punt	Punt	Behaal		
Probleemstelling	Die probleemstelling					4			
	4	3	2	1	0				
	Die probleem is duidelik gestel en beskryf en ondubbelsinnig – stel duidelik wat die probleem behels; Lê uit wat hy/sy probeer doen en watter aspekte opgelos moet word; Duidelike stelling van wat die doel van die programmatuur sal wees	Die stelling is duidelik, maar het geringe tekortkominge.	Die stelling is vaag en laat die leser onseker oor wat die doel van die stelsel is.	Die stelling is so vaag dat geen waarneembare doel gevind kan word nie.	Geen stelling of beskrywing nie				
	Huidige stelsels/prosesse							2	
	2	1	0						
